


7 JUNIE 2020



3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

"²³Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

saam groei

Ons lees nie die Bvbel nie. ons laat die Bvbel ons lees.

Lees ons die eerste skeppingsverhaal, Gen. 1:1-2:4a, aandagtig deur, kom ons agter dat hierdie 'n lofgedig is oor God as die Skepper van alles. Hier word in digterlike taal uitgespel dat God geskep het, maar daar word nie in besonderhede ingegaan hoe God geskep het nie. Ons moet ook die struktuur van hierdie skeppingsverhaal raaksien. Op die eerste dag maak God lig, op die vierde dag die draers van die lig (son, maan en sterre). Op die tweede dag skei Hy lug en water, en op die vyfde dag maak Hy die bewoners van die lug en die water (voëls en visse). Op die derde dag skei hy die grond van die water en op die sesde dag maak Hy die bewoners van die grond (diere en mense). Ons sou kon sê dat God in die eerste drie dae die voorwaardes vir die lewe op aarde skep: lig, lug, grond, water en kos (plante). Op die vierde tot sesde skeppingsdag maak Hy lewe (voëls, visse, diere en mense). Alles wat lewe, leef omdat God sorg. As ons dan na die beeld van God geskep is, is ons taak allereers om vir die lewe op aarde te sorg. Verlustig julle in die Skeppersgedig van Gen. 1:1-2:4a.

saam gesels

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Dink na oor die rol van die wetenskap om die skepping te verklaar. Wil Gen. s se skeppingsverhaal vir ons iets oor die natuurwetenskap sê? Of wil dié gedeelte vir ons iets oor God sê? Kan Gen. 1 dalk ook 'n geloofs-belydenis wees? Motiveer jou antwoord.
2. Was jy kleintyd bang vir die donker? Gen. 1 vertel donkerte, is net soos die lig, iets wat God gemaak het. Daar is geen plek of omstandigheid waar God nie is nie.

nouts
praktiese wysheid...

Verwoord die troos wat hierin opgesluit lê.

3. Die agste skeppingswerk op die sesde dag is nogal opvallend. God oordink en beplan eers hierdie werk (vers 26) en dan skep Hy die mens (vers 27) en voer 'n gesprek met hulle oor die sin en die doel van hulle bestaan (verse 27-30). Wat, dink julle, wil dit vir ons sê oor die plek van die mens in God se skeppingsdoel?
4. Dink na daarvoor dat die mens volgens Gen.1:27 nou die verteenwoordiger van God, geskep na sy beeld, is. Hoe kan Jesus-volgelingen vandag hierdie roeping vervul?
5. God het die mens, volgens die skrywer van Gen. 1, aangestel om oor ander lewensvorme te heers. Om te heers beteken nie om die lewe vir ander moeilik of onmoontlik te maak of tot jou eie voordeel uit te buit nie, maar om ander mense en ander lewensvorme tot diens te wees. Gesels daarvoor of julle as volgelingen van Jesus daarin slaag, aldan nie.
6. Gen. 1 is 'n loflied oor die skeppingsmag van die God van Israel, 'n jubelende uiting van die mag van sy word en sy almag. Wat moet hierdie belydenis aan ons doen wanneer ons voor skynbaar onoorkomelike uitdagings en probleme te staan kom?

saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: Stilte. Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om onself vir God oop te stel en om sonder onderbreking en geraas na God te luister. Lees hieroor 1 Konings 19:12; Openbaring 8:1; Lukas 5:16.

Doen-dinge:

1. Wees vir 10 minute by God – in sy teenwoordigheid, heeltemal stil. Sê: "Here, hier is ek...."
2. Raak stil en dink na oor Ps. 37:4. Wat hoor jy sê die Here God vir jou. Wees stil en wag.
3. Spandeer 'n halwe dag in stilte: slegs die Bybel, geen boeke nie, geen musiek nie, slegs luister. Wat het jy van God in die tyd van stilte beleef.

Dink-dinge:

1. Lees Openbaring 8:1. Wat, dink jy, het in die tyd van stilte in die hemel gebeur?
2. Waarom vermy jy stiltes? Hoe vul jy dikwels stiltes?
3. Waar en wanneer kan jy meer tyd inruim om stil te word by God?
4. Besluit hoeveel tyd jy in stilte by God gaan spandeer. Dink jy God kan die stilte gebruik om met jou te praat en jou verhouding met Hom te verinnig?

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.